

Die **Clifton Kettingbrug**, wat oor die skouspelagtig Avon Gorge span, is die simbool van die stad Bristol. Vir amper 150 jaar het die brug besoekers van oral om die wêreld aangetrek en is ook 'n populêre plek waar plaaslike bewoners kan wandel en die uitsig geniet. Die brug word beheer en onderhou deur die "Clifton Suspension Bridge Trust", 'n geregistreerde liefdadigheid. Die enigste bron van inkomste is die tolgeld. Die "Clifton Suspension Bridge Trust" ontvang geen fondse van die plaaslike of sentrale owerheid of die nationale lotery nie. Die brug bestuurder, 'n gekwalifiseerde siviele ingenieur, is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die Brug.

Die verhaal van die brug het in 1753 begin met 'n nalating van £1,000 deur 'n Bristolse wynhandelaar. Hy het in sy testament instruksies gelaat dat die geld belê moet word en dat wanneer die belegging £10,000 werd was die geld begruik moet word vir 'n kompetisie om 'n brug te ontwerp en te bou oor die Avon Gorge. Die eerste kompetisie was in 1829 gehou en was beoordeel deur Thomas Telford, die leidende siviele ingenieur van daardie tyd. Telford het al 22 ontwerpe wat ingeskryf was afgekeur. Hy het sy eie ontwerp ingeskryf maar die beslising om hom die wenner te verklaar was onpopulêr en 'n tweede kompetisie was in 1830 gehou. Na 'n geweldige debat was die 24 jaar oue Isambard Kingdom Brunel as die wenner verklaar. Hy was as die projek ingenieur aangestel – sy eertse groot kommissie.

Die projek was met politieke en finansiële probleme beset en teen 1843, met net die twee torings opgerig, was die projek opgeskort. Brunel het in 1859, op die vroë ouderdom van 53 jaar, gesterf. Brunel se prestasies het egter sy kollegas aangespoor om die brug te voltooi as 'n gedenkteken aan hom en dit was uiteindelik in 1864 geopen. Al was die brug in die vroë 19de eeu ontwerp vir ligte perde-trek verkeer, is dit vandag nog geskik om die aanvraag van die 21ste eeu se verkeer te hanteer met meer as 11,000 motorvoertuie wat die brug elke dag gebruik.

Dimensies:

Totale lengte, anker tot anker:	1,352 vt (414 m)
Totale span, middel tot middel van steunpilare	702 vt (214 m)
Totale breedte:	31 vt (9.5 m)
Hoogte (dek vlak bo hoog water merk)	245 vt (76 m)
Hoogte van steunpilaar, insluitend die bedekking	86 vt (26.2 m)

Materiaal gebruik:

Kettings en hangstawe – smeester

Steunpilare – plaaslike klip

Die "Leigh Woods" (suidelike steunpilaar) staan op 'n steunpunt van rooi sandsteen

Brug bedekking – hout dwarslêers van 140 mm dikte oorgelê met 50 mm dik planke. Vanaf 1899 is die dek met teer bedek.

As deel van die opening seremonie in 1864 was die brug verlig en dit was tot 1967 slegs verlig vir spesiale geleentede. Vanaf 1967 was die brug op 'n permanente basis verlig maar daar was aansienlike skade as gevolg van die diefstal van die gloeilampe, vandalisme, korrosie en selfs ook deur die gepik van die voëls. Die sisteem wat vandag gebruik word bestaan uit 3,000 laë krag LEDs wat in April 2006 ingestalleer en aangeskakel was om die tweede eeufees van Brunel se geboorte te vier.

Welkom ! Ons hoop dat u die besoek hier sal geniet!